Geagte Ds.,

Ek het Mnr. Jacobs gevra om 'n skatting van wat die beplanning ons gaan kos, vir ons te laat toekom. As ons van hom gehoor het, laat ek u weet, en daar kan oor die beplanning verder besluit.

H. J.

19 Mei 1975

81/172589
(Z. 14.)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

Verw. Nr./Ref. No.

NAVRAE/ENQUIRIES: J.F. JACOBS
Tel. No. 83

KANTOOR VAN DIE-OFFICE OF THE
Voorligtingsbeampte
Posbus 81
SMITHFIELD 9966

13 Mei 1975

Ds. J.L. Pretorius
Posbus 1399
BLOEMFONTEIN 9300

PLAAS : VALSFONTEIN NO. 147 : DISTRIK BETHULIE.

U skrywe F/1 gedateer 30 April 1975 verwys.

Die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n grondeienaar sy plaas wil laat beplan, is as volg:

1. Die geregistreerde eienaar van die grond, of sy gevolmagtigde, doen aansoek by die Voorligtingskantoor dat die plaas beplan moet word.

2. 'n Beampte van hierdie kantoor reël dan 'n afspraak met die eienaar of sy gevolmagtigde 'n datum waarop die plaas dan beplan word.

3. Nadat die plaas beplan is, word die beplanning aan die Hoofvoorligtingsbeampte voorgelê vir goedkeuring.

4. Nadat die beplanning goedgekeur is, word toestemming verleen dat die werke volgens spesifikasies opgerig mag word.

5. Die eienaar word voorsien van 'n skedule en plaaskaart waarop die posisies van heinings en veesuipings aangedui word.

6. Na voltooiing van een of meer werke, word 'n verklaring deur die eienaar of sy gevolmagtigde afgelê dat die werke volgens spesifikasies voltooi is. Die werklike lengtes van heinings en pyplyne moet dan ook verstrek word.

2/..............

7. Subsidie word dan uitbetaal ooreenkomstig die verskillende tariewe vir elke werk van toepassing.

Subsidies wat betaalbaar is, is as volg:

2.1 <u>Standaardveesuipingstelsels</u>.

2.1.1 <u>Reservoirs</u>: 4,2 meter deursnee, 1,5 meter diep R93
4,2 meter deursnee, 1,8 meter diep R102

2.1.2 <u>Langwerpige suipkrippe</u>.
3 meter lank, 150mm wyd, 150mm diep R8
6 meter lank, 225mm wyd, 225mm diep R14

2.1.3 Toevoer en verbindingspype, d.w.s. pype vanaf windpomp na dam en dam na krippe: R0-25 per meter.

2.2 Nie-Standaard veesuipingstelsels, d.w.s. stelsels wat eers deur die kantoor opgemeet moet word.

2.2.1 <u>Reservoirs</u>: 4,2 meter deursnee, 1,5 meter diep R93
4,8 meter deursnee, 1,5 meter diep R107

2.2.2 <u>Langwerpige suipkrippe</u>.
3 meter lank, 150 mm wyd, 150 mm diep R27
3,6 meter lank, 150 mm wyd, 150 mm diep R34

3.1 <u>Pyplyne</u>.
Die subsidie op pyplyne varieer baie aangesien daar 'n groot aantal kombinasies van deursnee en werkdruk is. Slegs twee voorbeelde word aangehaal.
25 mm deursnee, 31 - 60 m waterdruk R0,29 per meter
32 mm deursnee, 31 - 60 m waterdruk R0,35 per meter

4.1 <u>Heinings</u>.
Heinings van nuwe materiaal R1,42 per meter
Heinings van gebruikte materiaal R0,57 per meter
Verskuiwing van heinings R0,57 per meter

Aangeheg hierby is 'n vorm LTD 7-62B wat die geregistreerde eienaar of sy gevolmagtigde moet voltooi. Daarna moet dit in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken word wat dit dan ook mede-onderteken op die plek waar aangetoon. Hierdie aansoekvorms om subsidie moet dan weer aan hierdie kantoor gestuur word sodat 'n mosaïek vir die plaas bestel kan word.

3/...........

Ek vertrou dat hierdie inligting u vrae sal beantwoord. Indien u egter verdere besonderhede verlang, is u baie welkom om weer met my in verbinding te tree.

Ek wil u ook daarop wys dat ons dit ten sterkste aanbeveel dat 'n plaas beplan moet word. Hoe gouer, hoe beter.

Die uwe,

VOORLIGTINGSBEAMPTE.

N.S.

Paragraaf 2 dui slegs enkele voorbeelde aan van subsidies wat betaalbaar is. Daar is verskillende groottes damme en krippe wat opgerig kan word, elk met 'n eie skaal waarvolgens subsidie betaal word. Slegs enkele voorbeelde is aangehaal om 'n aanduiding te gee van bedrae wat uitbetaal word.